



Geloofsentrum

CENTRE OF FAITH

UNIVERSITAS

Identiteit: Ons is 'n inklusiewe geloofsentrum wat biddend daarna streef om die Woord van God volgens Skrifbeginsels eietyd en suiwer aan gelowiges met verskillende spiritualiteitsbehoefte te bedien. So kom die Koninkryk deur Woord en Heilige Gees vir almal.

EREDIENSTE

09:00 Oggenddiens

André Oosthuizen

Teks: 3 Johannes

Tema: Leef gesond!

Graad 1-parade

Unikids-erediens

Zilke Mahabeer

Teks: Prediker 4:9

Tema: Ons is beter as een!

18:00 Centre of Faith

Renaldo Meyer

Scripture: Acts 2

Volgende Sondag:

Diens saam met Universitas Laerskool

09:00 André Oosthuizen en Zilke

18:00 Renaldo Meyer

Deurkollekte: Sinodale werksaamhede

13 Januarie 2019

BAIE WELKOM!!

Nuwe geloofs familie wat by die bediening hier wil inskakel kan die Gasvryheidsbediening met die goue hoedjies onder die Koinonia-afdeling ontmoet vir meer inligting en alle vrae.

Kom drink 'n koppie koffie/tee!





Gebedsgeleentheid:

Dinsdae tussen 13:15 en 14:00 by die kerk.

Sondae-oggende om 08:00 in die kerk. Skakel Minette du Preez by 082 920 1907.



Stel ons asseblief in kennis, indien daar enige lidmate siek, of in die hospitaal is. Die hospitale stuur nie meer vir ons die naamlyste nie, omdat hulle kragtens die wetgewing op die beskerming van persoonlike inligting, dit nie mag beskikbaar stel nie.

Siekes en meelewing:

Elsa Badenhorst, Von Bondestraat 12, Tel 0736448744.

Tokkie Struwig, Westerbloem 253, Fase 8, Tel 051-5222109

Oorlede: Mirelle Botha se ouma. (Mirelle 0824336852)

Mag die Here sy liefdevolle hand van sorg en heling oor jul hou.

Tiendemaand-dankofferinsameling 2018:

Aan die begin van elke jaar begroot en beplan Bestuursraad(finansies), die jaar se inkomste van bydraes aan dankoffers, kollektes en fondsinsamelings. Hierdie inkomste moet die uitgawes van die **gemeente balanseer**. So is daar in 2018, 'n teikenbedrag van R550 000 vir die spesiale tiendemaand-dankoffer vasgestel en soos elke jaar, was die Here getrou in sy belofte. Die Here het die kruike wat ons met verwagting uitgepak het gevul! Hierdie jaar is die pragtige bedrag van R558 954.40 ingesamel. Baie dankie aan elkeen wat op hierdie wyse meehelp om die werk in die Koninkryk uit te brei.





Persoonlike Bybelstudie en huisgodsdiens.

Hierdie deel van jou en jou gesin se geloofslewe is baie belangrik en ons wil dit graag ondersteun.

Daarom het ons in aansluiting by verlede Sondag se oggendprediking 'n kort WhatsApp (*broadcast groep*) uitgestuur na almal op ons data-basis. (As jy dit nie ontvang het nie, kontak asb met Elmien of dui so aan op die geel kaartjie.)

Hierdie was net 'n *Iusmakertjie* vir almal wat behoefte het om sodanige weeklikse Bybelstudie te ontvang. Daarvoor moet jy asb net jou naam en selnommer op die geel kaartjie deurgee sodat ons dit op aparte groep kan insluit vir hierdie doel. Dit sluit aan by die vorige Sondag se erediens en kan ook vir huisgodsdiens gebruik word.

Daar is ook twee ander (uiteenlopende) hulpmiddels wat ons vir stiltetyd wil aanbeveel:

Die *Leesrooster vir Lidmate* word deur Bybelmedia uitgegee en sluit aan by die Revised Common Lectionary wat wêreldwyd sinvol gebruik word. Dit kan vir R120 direk by *eshop-bybelmedia.org.za* gekoop word.

Die Jesuïete het 'n pragtige App wat gratis afgelaai kan word en voorsien aan 'n meer meditatiewe Engelse bediening (so 8 minute) vir wie sodanige behoefte het. Laai *Pray As You Go* vanaf die APP Store af op jou selfoon.



BYBELSKOOL

Geloofsentrum **UNIVERSITAS**

Openbaring 6-11

Dié gedeelte handel oor die sewe seëls wat ooggemaak word en die sewe trompette wat geblaas word. Ons gaan die betekenis en die boodskap van die simboliek ondersoek en ook praat oor wat dit vir ons eie tyd beteken. As jy nie verlede jaar se lesings bygewoon het nie, is jy nog steeds welkom om vanjaar aan te sluit, want by die eerste geleentheid gaan ons eers 'n samevatting van verlede jaar se gedeelte doen. Datums: 29 Jan, 5 Feb, 12 Feb, 19 Feb, 5 Maart

Tyd: 18:00-20:00

Aanbieder: Prof. Francois Tolmie

Koste: R50



Adopt a Tummy

Ons bedien die wêreld se hongeres met die beskikbare etebakkies waarin jy enige ekstra ete gevries na die eredienste kan bring. Hierdie is 'n pragtige bediening.

'n Verlengstuk daarvan is ook 'n groter bak met enige ete-gereg (soos lasagne of macaroni) wat benodig word by die bedienings van Centre of Faith waartydens ons klein etes saam met 'n broodjie in die groot groep wil aanbied. Kry daarvoor die groter bak asseblief. En help so met hierdie bediening wat ons ondersteuning nodig het.

Kalenders 2019:

Daar is gemeente-kalenders in die voorportaal beskikbaar. Neem asb een per gesin. Die kalender is ook op die webwerf beskikbaar as jy kopieë daarvan wil aflaai. Gebruik ook sommer die inligting op die kalender *om vir al die bedienings en bedienaars te bid.*

Aan die parkeerarea se kant van die saal lê houtbalke wat uit die saal verwyder is. As daar iemand is wat daarin belangstel, **kom maak 'n aanbod** asseblief.

Huishulpkamp 2019 vind plaas 8-10 Maart 2019.

Kampgeld R200. Inskrywingsvorme beskikbaar by die kerkkantoor. Sluitingsdatum Sondag 27 Januarie 2019. Vir navrae kontak Margueriet Botha 082 382 1109.

SMS na WhatsApp

Hoe werk dit? Jy moet die kerk se nommer 081 828 9536 by jou selfoon se kontaknommers voeg, om 'n WhatsApp te kry.

Dit is 'n "broadcast list" om inligting aan die gemeente te stuur. Jy kan daarop "reply", MAAR jou boodskap sal NET by die kerkkantoor gesien kan word. So... daar sal nie kort kort boodskappe op jou selfoon deurkom nie. Persone wat nie WhatsApp gebruik nie gaan nog steeds 'n sms ontvang.



Tel: 051 522 4911

E-pos elmien@universitasng.co.za

Web www.universitasng.co.za

Preke is op die webwerf beskikbaar.

Telefoonnommers

Leraars

Retief Botha	082 564 0830
André Oosthuizen	082 378 3081
Bertie Haasbroek	083 440 4955
Japie Marais	082 782 8834

Jeugwerkers

Zilke Mahabeer	071 491 6496
Renaldo Meyer	072 033 6782

Dankoffers

Bankbesonderhede vir Internet-betalings:

Absa Brandwag. Rek no.1570580066.

Tak 632005

Verwysing: Naam en Dankoffer

Tjeks moet asseblief uitgemaak word aan Geloofsentrum Universitas.



Preke is op die webwerf beskikbaar.



Gesels ook saam op Facebook. NG Universitas.